



Desember 2022

Asemskepmaand - Kersfeesseisoen – Dankie!

Eerstens:

Vanuit 'n skrywer se oogpunt moet jy besef

- dat as jy nie lees nie, het ek nie rede om te skryf nie.
- dat jou aankope en terugvoer my help bou aan 'n skryfloopbaan (as 'n besigheidsman nie produk skuif nie, het hy nie 'n besigheid nie!)

daarom:

DANKIE VIR JOU ONDERSTEUNING, op welke wyse ookal.

Ek was heerlijk verras toe nie net Lichtenburg se **Noordwester**, maar ook

Maroela Media 'n plasing gedoen het oor Ontfrommel.

Boonop het Ontfrommel gereeld onder die eerste 20 "New Hot Sellers" van November gekuier. Sulke tye oorvloei dankbaarheid mens se breinselle.

En dan stel ek aan jou bekend my Kersfees-novelle: Beklitsde Kersfees

Fourie is ingedoen. Onmenslik en ondenkbaar, deur sy eie familie. Hy is sinies, dra swaar –nie aan persente in 'n Kersvadersak nie. Om die waarheid te sê, Kersfees maak hom siek! Dan is op en wakker Carmi op sy horison, en sy begin sy trellidor-lewe oopstoot. "Jou lewenskeuses is belaglik," betig Fourie homself. Sy en haar pa is speurders, en speurders grawe waar hul nie moet nie. Fourie en Carmi bevind hulself tussen die vloer en politoer. Is daar spasie vir... wat ookal tussen hulle aangaan? Hy dink nie so nie.



Kliek hier vir die **lokfilm** op youtube of op my webwerf.

Beklitsde Kersfees word op 10 Desember 2022 vrygestel, maar jy kan dit nou reeds aankoop. Amazon stuur jou e-boek op die tiende.

Nogal op ons troudag, het ek agterna eers besef. Dubbele feesvieringe in ons huishouding. Met elke vrystelling skaf Anthonie 'n bottel sjampanje aan. 10 Des moet 'n groot bottel wees, al is dit 'n korter storie.

Hierdie keer, is my produk slegs as e-boek beskikbaar op Amazon, of Goodreads. Prys \$1.49. Vandag se ruilkoers bietjie oor die R25.

Tog wil ek jou uitnoui om 'n nuwe boeke-wêreld te betree: e-boeke. Moenie weghardloop nie. Skop die tegnologie oop (ek sal jou help).

- Het jy geweet jy kan 'n e-boek op jou selfoon, tablet of rekenaar lees deur net die Kindle-app af te laai. Jy hoef nie 'n e-boek leser aan te koop nie.
- Het jy geweet dat e-boeke baie goedkoper is, omdat jy nie vir die papier en drukkoste van die boek in jou hande hoef te betaal nie.
- Het jy geweet dat jy letterlik honderde boeke saam kan neem op vakansie, en dit pas in jou hemp- of handsak. Jy kan in die nag lees sonder dat 'n bedlamp jou geliefde pla.
- Het jy geweet dat jy ook, voordat jy die transaksie beklink, na ander lesersindrukke van die boek, kan loer?

Het jy lus vir die uitdaging? Ek begelei jou met graagte. Klik hier oor die hoe, en as jy vashak, is ek per whatsapp of epos byderhand om jou oor die nuwe hekkies te help.

Derdens:



Doen jy?

Soek hierdie prentjie op my webwerf (www.elsabewelman.co.za) se tuisblad en klik daarop:

Jy is reeds ingeskryf op die nuusbrieff, maar maak seker jy volg my op enige van die volgende platforms:


Amazon, Goodreads, Faceboek, Instagram of TikTok

DAN kies jy een van 3 afslagpakkette soos aangedui


Gebruik die geleentheid om jou kerskouse te vul!

Laastens:

Hiermee twee skrywer-maters wat ook hul kersstories onlangs/binnekort gepubliseer het. Albei beskikbaar op Amazon. Klik op die voorblad vir 'n skakel na die boeke.



<https://amzn.to/3g0shaT>



<https://www.amazon.com/gp/product/B0BMLRZ9MT/>

Ek groet jou met:



Elsabē.

My kontakbesonderhede:

Tel: 0769216174 (ook vir Whatsapp)

skryf@elsabewelman.co.za

www.elsabewelman.co.za

Raak ook my vriend op:

